

V ERSAMELSTUK

BENODIGDHEDE: Ongeveer 200 g ecru Omega Nr. 8; hekelpen van 1,25 mm.

MATE: 65 X 130 cm.

AFKORTINGS: st(e) – steek(steke); kb – kortbeen; lb – langbeen; sp(s) – spatie(s); blk(s) – blokkie(s); ks – kettingsteek; gs – glipsteek; herh – herhaal; vlg – volgende.

Spasie: 1lb om te begin; *2ks, slaan 2 ste oor, 1lb in vlg st om sp te voltooi.*

Blokkie: 1lb om te begin; *1lb in elk van vlg 2 ste, 1lb in vlg st om blk te voltooi.*

AANWYSINGS: Begin by een punt met 45ks, draai en plaas 1e lb in 9e ks vanaf hekelpen. Raadpleeg nou diagram en hekel tot middellyn. Voltooi lappie deur 2e helfte soos spieëlbeeld van 1e helfte te hekel (raadpleeg diagram in teenoorgestelde rigting).

OMRANDING: Hekel rondom voltooide lappie soos volg:

1e rondte: 1kb in elke lb, 2kb in elke sp.

2e rondte: *1kb in kb, 7ks, slaan 5 ste oor; herh vanaf * deurgaans.

3e rondte: *9kb in sp, 5kb in vlg sp, draai, 7ks, 1gs in middel kb van vorige sp, draai en hekel 9kb in boonste sp en voltooi onderste sp met 4kb; herh vanaf * deurgaans.

Knip gare af en werk netjies af.



EWIGDURENDE ROSE



SLEUTEL TOT DIAGRAM

□ – spasie
X – blokkie

DIAGRAM VIR VERSAMELSTUK

